

Beskrywing

Salmate[®] is 'n bron van EPA (eicosapentaenoic acid) en DHA (docosahexaenoic acid), 2 essensiële, onversadigde vetsure. Beide EPA en DHA speel 'n belangrike rol in reproduksie, veral in die verlagings in voorkoms van embrio sterftes.



Eienskappe

- Salmate is 'n gestandaardiseerde bron van EPA (5.5%) en DHA (4.9%) in poeiervorm.
- Salmate word vervaardig van suiwer visolie en word emulsifiseer om die absorpsie van vetsure te verbeter met 33 - 44%.
- Salmate is hoog in Omega 3 en laag in Omega 6 vetsure.
- Salmate word omhul met 'n spesiale styselmatrix om die rumen verbyvloei te verhoog, die smaaklikheid te verbeter, die risiko van galsterigheid te verlaag en om die mengbaarheid te verbeter.
- Antioksidante in Salmate verlaag die risiko van oksidasie daarvan.
- Salmate is FAMI-QS Gesertifiseer en word in die VSA vervaardig.
- Rakleefyd is 18 maande.
- Registrasie nommer in ooreenstemming met Wet 36 van 1947:
⇒ **Salmate Dry Fat - V 23026**



Voordele

- Sekresie van prostaglandien $F_{2\alpha}$ ($PGF_{2\alpha}$) in die uterus kan lei tot dissosiasie van die corpus luteum, wat op sy beurt verantwoordelik is vir die oorlewing van die embrio gedurende eerste ongeveer 21 dae van dragtigheid.
- EPA en DHA in Salmate verlaag die sekresie van $PGF_{2\alpha}$ in die uterus.
- Dit kan lei tot verbetering in die oorlewing van embrios en dus ook verbetering in die reproduksietempo.
- EPA en DHA verbeter membraanvloeibaarheid (integriteit) van selmembrane. Dit speel 'n belangrike rol in onder andere sperm selwand kwaliteit.
- Verbetering in sperm selwand vloeibaarheid verhoog die herlewingstempo van gevriesde semen.
- Salmate verlaag % embrio sterftes, wat so hoog as 40% kan wees.
- Salmate vir suiwelkoeie kan die % dragtigheid verhoog tot so hoog as 10% eenhede.
- Wanneer embriospoeling gedoen word, kan Salmate die aantal embrios verhoog.
- Die mees ideale tyd om Salmate te voer, is 1 week voor dekking/KI tot ongeveer 4 weke daarna.

Aanwending

Voere	Aanbevole innames Salmate / dier / dag
Beesvoere	50 g/d/d (Dag 50 – 90 post partum) 30 g/d/d (Dag 1 – 90 post partum)
Skaapvoere	6 - 10 g/d/d